

### Ks3-12

Kerkstraat tussen Kochstraat en Kerkplein. Höverker & Wormser, ca. 1898.



Foto Bron: Dun-01 p177

Hierdie foto is geneem ongeveer 1898. Die gebou heel links op die foto is die Kafee en Restaurant De Beurs, bestuur deur Auf'n Orte vanaf 1892. In 1898 het Feinberg Broers dit oorgeneem en ook 'n bottelstoor langsaan begin.

Die groot dubbelverdiepinggebou is net na 1888 opgerig [Dun-01 p162] en het bekend gestaan as Durban House. Harvey Greenacre & Co. het eers daar besigheid gedoen en later Robert Hamilton.

In 1889 was Höverker & Wormser in die oostelike deel van die gebou. Hierdie firma, wat in Amsterdam gevestig was, het oorspronklik aan die boekhandelaar H. Höverker behoort. Sy dogter is in 1870 met Johan Adam Wormser getroud. Wormser het na sy huwelik tot die firma toegetree wat toe bekend gestaan het as Höverker & Wormser. Na sy besoek aan die Transvaal het Wormser die beheer oor die takke te Pretoria en Potchefstroom aan sy gelyknamige seun Johan Adam Wormser [1870 – 1918] oorgedra. Die Pretoriase tak was aanvanklik in Kerkstraat-Wes gevestig. Uit 'n advertensie van 1879 blyk dit dat o.m. werke oor die regsgeleerdheid, publikasies in Nederlands, Engels, Frans en Duits, skryfbehoeftes, tydskrifte, papier, kerk- en skoolbanke, sowel as etse, skilderye en akwarelle in voorraad gehou is of weekliks uit Nederland ingevoer kon word.

Van Wormser se hand het o.m. 'n bibliografie van die vernaamste boeke in kleiner tydskrifte verskyn wat tot kort voor 1900 in Nederlands, Engels, Frans en Duits oor Suid-Afrika versprei is. Tydens die Anglo-Boereoorlog [1899 – 1902] het Wormser aanvanklik diens gedoen as onderoffisier by die Pretoriase Spesiale Polisie om daarna op 'n ongenoemde tydstip na Nederland te vertrek. Na die oorlog het Wormser teruggekeer, sy bedryf hervat, maar meer belangstelling vir die joernalistiek as die boekhandel aan die dag gelê. Dit was vermoedelik een van die redes waarom hy sy besigheid, wat in 1914 in Kerkstraat Sentraal gevestig was, aan die Nederlandse immigrant Johannes Lambertus van Schaik [1888 – 1965] verkoop het. [Pr-086 p18]

Die kabinetmaker R. Boukamp was in die middelste deel van die gebou en Van Kerckhoff & Co. algemene handelaars in die westelike deel van die gebou. [Dun-01 p176]

### **Bibliografie**

Dun-01        Dunston, Lola. 1975. **Young Pretoria 1889-1913**. Pretoria: Lola Dunston.

Pr-086        Ploeger, Jan. **Die boek in Suid-Afrika en die firma J.L. van Schaik [1914-1984]**. Pretoriana Nommer 86, Desember 1984.

-----